18 Mei
2025

# Polsslag

Rom. 12: 2

Gereformeerde Kerk Benoni



**Adres**

24b Miles Sharpstraat,
Rynfield, Benoni, 1514

**Kerkkantoor ure**

Maandag – Vrydag:
09:00 – 16:30

**Predikant**

Ds. Rynhardt Pretorius
074 944 7769

**Pastorale berader**

Ds. Louis Buys
082 927 2034

**Kontakbesonderhede:**

Kerkkantoor:
011 849 2054
063 640 9304

admin@gkbenoni.co.za

www.gkbenoni.co.za

**Kontak ons gerus by die kerkkantoor vir enige navrae, versoeke vir huisbesoeke en/ of siekebesoeke.**

KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY DIE KERKKANTOOR TUSSEN 9:00 EN 16:00 VAN DINSDAE TOT VRYDAE

# MOENIE JOU ASEM MORS NIE

## STEPHAN JOUBERT


Wanneer dit alles gebeur, sal dit presies wees soos die Skrif gesê het dit gaan wees: 'Die dood het nie meer enige krag of invloed nie. God het al die krag as oorwinnaar."
1 Kor. 15: 54

Stan Gerlach moes iewers in Kalifornië 'n afskeidswoord lewer by 'n vriend se begrafnis. Aan die einde van sy kort toespraak het hy vir die aanwesiges gesê dat niemand ooit seker is wanneer God jou die dag kom haal nie. Hy het bygevoeg: "At that moment, there's nothing you can do about it. Are you ready?". Toe gaan sit Stan skielik. Net daar voor al die mense sak hy inmekaar en sterf.

Skaars het Stan vir die begrafnisgangers gevra of hulle gereed is om die lewende God te ontmoet, toe sterf hy met hierdie einste woorde op sy eie lippe. So vertel die bekende skrywer, Francis Chan, wat vroeër ook Stan se leraar was, in een van sy boeke.

Daar kom 'n dag dat ons elkeen ons laaste asemteug moet uitblaas. Dan eindig alles. Of dalk nie! Nee, verseker nie! Die dood het nie die laaste sê nie. Wat dan? Wat lê dan voor? Het jy al behoorlik hieroor nagedink? Of dink jy die lewe aan dié kant is ewigdurend?

Leef jy asof dit net nooit gaan ophou nie? Wel, dit gaan. Leef asseblief so dat elke asemteug van jou goeie asem in jou longe is, waarmee jy God verheerlik. Moenie enige asemteug ooit more nie. Laat jou asem tel, elkeen wat jy inasem. Maak Christus groot in alles, wat jy dink, doen en sê. Dan haal jy goed asem. Dan sal jou laaste asemteug aan hierdie kant van die graf die beste een ooit wees. Dan sal die dood nie die laaste sê hê nie.



**Buitedeur kollekte vandag:**

**Emeritaatsversorging**

Snap here to pay

**SKAKEL**

**Kollektes 11 Mei**

**Diens van barmhartigheid R 6 372**
**Bybel verspreiding: R 2 296**
**Snapscan: R1 318.77**

## Kerkkas:

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 220 340 333
**Verwysing**: Volle Naam, Van & Doel

**Bankbesonderhede: Diens van barmhartigheid:**

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 022 028 0004
**Takkode:** 632005
**Verwysing**: Diens van Barmhartigheid

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID:**

Snap here to donate

**SKAKEL**




Gesamentlike aanbidding is nood-saaklik vir 'n Christen se geestelike groei in geloof.

Die persoon en werk van Christus vorm die basis van die geestelike groei van Christene. Die Bybel leer dat die Seun van God 'n menslike natuur met Homself verenig het, en in die loop van Sy lewe het Jesus "toegeneem in wysheid en in grootte en in guns by God en mense" (Luk. 2:52). Volgens Sy menslike natuur het Jesus in geestelike wysheid gegroei, en in daardie opsig dien Hy as 'n model vir groei.

Maar Jesus is meer as 'n model. Jesus verlos sondaarmense en gee nuwe lewe onder leiding van sy Woord en Gees. Hierdie nuwe lewe in die krag van die Gees en die wysheid van die Woord is wat geestelike groei moontlik maak.

Binne hierdie geestelike groei hoor ons Jesus se roeping vir dissipels Matt. 16:24 *"Toe sê Jesus vir sy dissipels: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg"* Jesus leef die weg waarop Hy ons roep en daarom moet ons strewe altyd belaai en gedryf word deur die pad wat Hy aanwys en die groei wat Hy moontlik maak.




Coram Deum. Die teenwoordigheid van God. Soos die "halo" rondom 'n kers se lig. Alle ware gelowiges het 'n begeerte om hierdie nabyheid van en aan die Here te beleef. Ons het dit nódig! Maar dit realiseer nie altyd in ons lewens nie. Dan wonder mens hoekom die Here so vér weg bly...

Maar 'n gelowige het ook die verant-woordelikheid om die nabyheid van die Here te soek en te bevorder. Dit gebeur deur sekere dinge wat hy/sy doen, of nie doen nie. Maar een van die dinge wat kan kéér dat ons die nabyheid van die Here ervaar, is sonde. Soos Gal 5: 21 leer: iemand wat in sonde bly leef is nie onder die koningskap van God nie.

Maar, inderdaad, alle Christene sondig... Ons twee teksgedeeltes vertel hoe mens sonde moet hanteer.

Die eerste daarvan (1 Joh 1) is dat dit bely moet word. Die tweede deel van die hantering van ons sonde en sondeskuld is om op te hou met (daardie) sonde.

God se liefde lei ons tot eerlike erkenning van ons sonde, maar gee ook aan ons die krag van die Gees om te kan stop! Om die nuwe lewe te gaan leef.

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**18 Mei**
Hans Grobler *
Antoné Harmse

**20 Mei**
Dionne Bloem
Susan de Waal
Wihan du Plessis #
JJ du Rand

**21 Mei**
Lourens Botha

**22 Mei**
Ilse du Plessis

**23 Mei**
Isabel de Waal **
Roelf Herbst *

**24 Mei**
Marili Botha
Anthony Potgieter #

***Dooplidmaat #***
***≥70 * ≥80 ****
***≥90 *****

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN EN BEWAAR IN DIE KOMENDE LEWENSJAAR!**

## KOINONIA

- Annette Venter herstel goed na 'n opvolgoperasie aan haar kaak en is Vrydag ontslaan.
- **GELUKWENSING:** Jan en Anna van den Berg het hierdie week 'n agterkleinkind ryker geword.
- **MEEGEVOEL**: Corrie Yssel is verlede Sondag oorlede. Haar troosdiens was afgelope Vrydag. Haar seun, Marius, se tannie aan sy pa se kant van die familie is ook afgelope week oorlede. Ons dink is besonder aan Marius en die res van die Yssel familie in hierdie hartseer tyd.










## HEMELVAARTDIENS
## 29 MEI 18:30

**Ons wil graag na die diens sop en broodjies geniet. Kontak asb. vir Donsie Krüger (084 627 2393) as jy 'n pot sop kan maak of met ander voorbereidings kan help.**

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

# BYBELVERSPREIDING DIENSGROEP

## BYBELVERSPREIDING BY DAVEYTON

Die Diensgroep Bybelverspreiding kan met dankbaarheid getuig dat die uitreike na ons buur gemeente Daveyton, 'n geseënde dag was. Ons was baie hartlik ontvang en die diens was oorwegend in Engels om ons te akkommodeer. Ons het na afloop van die diens 'n geleentheid gehad om die gemeente toe te spreek en het daarna die 60 Bybels en 15 werksboekies individueel oorhandig aan elkeen met die boodskap dat elke Bybel uitgedeel moet word met die Woord van God, aan mense van die omgewing wat soekende is na Die Goeie Boodskap. Ons Gemeente was bedank vir die skenkings en ons dra Daveyton se dank en seëngroete oor aan elke lidmaat.


## BYBELVERSPREIDING TOT STILSTAND GEDWING

Die Diensgroep Bybelverspreiding is genoodsaak om die gemeente in te lig dat die fondse van die Bybelaksie totaal uitgeput is vir die eerste keer in 13 jaar. In die verlede het die gemeente met ope harte mildelik bygedra, maar dit blyk dat die ekonomie hier ook sy greep met mening wurg.

In 2023 het ons gemeente **231 Bybels**, en in 2024 'n totaal van **253 Bybels** aangekoop, versprei en aan lidmate verskaf om te versprei, maar na afloop van ons laaste Bybelplasing het die Bybelaksie kas nie enige fondse om nog aksies te loods of om nog Bybels aan te koop nie en die bekommernis is dat dit nou eers Meimaand is.

Ons druk die "*Groot Opdrag*" op elke lidmaat se hart om met vrymoedigheid te gee aan die Bybelaksie sodat ons kan voortgaan met ons opdrag namens ons Gemeente.






Vir meer inligting kontak gerus **Pieter of Heléné by 083 457 8861**, pavoptom@global.co.za of vang ons na die erediens op die grasperk.




**PINKSTERSANGDIENS 8 JUNIE**

**Ons het hierdie jaar 'n Pinkstersangdiens tydens die oggenddiens op 8 Junie. Meer inligting hieroor volg binnekort.**

# LEER KEN JOU MEDE LIDMATE

## Ons is die Marx gesin. Ons is Henk, Inéz, Alexander en Loralei.




Ons spandeer graag tyd saam. Ons spandeer ook graag tyd saam met ons familie en vriende.

Alexander is tans 6 word in Augustus 7 en is dié jaar in Graad 1. Hy speel graag rugby en neem deel aan redenaars.

Loralei is tans 2, word in Junie 3 en is tans in Graad RRRR. Sy neem deel aan gimnastiek en dans.



Henk is al in die gemeente vandat hy 19 jaar oud is. Ek, Inéz, het by hom aangesluit in 2017.

Albei van ons kinders is in die kerk gedoop. Alexander deur dr. Braam en Loralei deur ds. Rynhardt.







# 10 Bybels Projek

**Die aanvraag na Bybels neem steeds toe namate Harvesters eksponensieel uitbrei en kerkplanting al hoe vinniger plaasvind.**

**Ons streef daarna om vir elke gesin wat gedissipel word, in kerke wat deur Harvesters geplant is, 'n Bybel in die hand te gee. Menige nuwe dissipels het nie 'n Bybel nie en is honger vir die Woord van God. Saam kan ons hul nood aanspreek deur persoonlik Bybels by hulle te gaan aflewer – in hul eie taal! Hierdie tale sluit in Shona, Senna, Sesotho en van die inheemse tale in Zambië, Mosambiek en ander lande. Sluit by ons aan wanneer ons vra vir 'n skenking van 10 Bybels afgelewer aan die honderde Harvesters kerke waar die nood uitroep!**

## Wat kan ek doen?

### 1. GAAN

Sluit by ons aan: Tydens 'n Bybelplasing sal jy na van die mees verborge en mooiste streke reis, alles terwyl jy nuutgeplante kerke besoek, saam met medegelowiges bid en hul heel eerste Bybel aan hulle oorhandig.

### 2. BID

As jy nie persoonlik by ons kan aansluit nie, nooi ons jou om saam met ons te bid. Bid vir die praktiese aspekte van hierdie reis en bid ook nou reeds vir elke gelowige wat 'n eie Bybel sal ontvang.

### 3. GEE

Wil jy graag help om 'n Bybel in die hande van 'n medegelowige te plaas? Die finansiële ondersteuning van vriende soos julle, is noodsaaklik om hierdie Bybelplasing te kan laat plaasvind. Oorweeg vandag biddend 'n geskenk van R200.00 of meer om daartoe by te dra om 10 Bybels te plaas in die hande van nuwe dissipels.




**"With this new Bible, I will not only read it for myself, but at the same time I will help other people to come to Christ."**

Pastoor Kate Molly, Uganda.

**www.harvestersministries.com**

**Bankbesonderhede vir direkte inbetalings**

Rekening Naam: Bible Box
ABSA Bank Westgate
(Takkode: 632005)
Spaarrekening: 9260528702
Verwysing:
K-[jou naam of kerk naam].

Kontak Ons

**Leon Marais**
Tel: 082-416-8144
E-pos: leon@harvestersministries.com

**Rina**
Tel: 064-751-8336
E-pos: rina@harvestersministries.com

Harvesters MINISTRIES

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

# Help om God se Woord aan God se kinders te bring!

IN VENNOOTSKAP MET BIBLICA



## GAAN!

Tydens 'n Bybelplasing sal jy na van die mooiste en mees versteekte streke reis, nuut geplante kerke besoek, saam met medegelowiges bid en hul heel eerste Bybel aan hulle oorhandig. Jy kan help om 6 000 Luvale, Lunda, Bemba, Engelse en Lozi Bybels by landelike en afgeleë kerke in Zambië af te lewer.

> **"Wie sal Ek stuur en wie sal vir ons gaan?"**
> *Jesaja 6:8*

## 6 000 BYBELS VIR KERKE IN ZAMBIË

| | |
|---|---|
| WAAR: | **Zambië** (2 streke – Westelike en Koperstreek/"Copperbelt") |
| WANNEER: | **24 Junie – 12 Julie 2025** |
| DOELWIT: | **6 000 Bybels aan dissipels!** |
| AKKOMMODASIE: | Kampeer (eie tente) |

Neem asseblief kennis dat datums en plek van plasings enige tyd as gevolg van onvoorsiene omstandighede kan verander; maar sou dit gebeur, sal jul op hoogte gehou word, en sal die spesifieke Plasing herskeduleer word.

## Bid

As jy nie persoonlik by ons kan aansluit nie, nooi ons jou om saam met ons te bid. Bid vir die praktiese aspekte van hierdie reis en bid ook nou reeds vir elke gelowige wat 'n eie Bybel sal ontvang.

## Gee


Die finansiële ondersteuning van vriende soos jy, is noodsaaklik om hierdie Bybelplasing te kan laat plaasvind. Oorweeg vandag biddend 'n geskenk van R4 000 om 'n kerk te help plant, 'n leraar op te lei en dat 'n boks Bybels by die nuutgeplante kerk afgelewer kan word.

**Bankbesonderhede vir direkte inbetalings**
Harvesters Ministries, ABSA Bank
Westgate (Takkode: 632005),
Rekingnommer: 4075041297
Verwysing: LM/ZA/Name

OF Gee AANLYN
www.harvestersministries.com

OF skandeer die kode om te gee ...

zapper | SnapScan




## Kontak Ons

Leon Marais: 0824168144 – leon@harvestersministries.com
André Jooste: 0828517505 – andre@harvestersministries.com

Harvesters MINISTRIES

# Polsslag advertensies
## Mei 2025

Rom. 12: 2

## RIGLYNE VIR ADVERTENSIES:

- Gebruik duidelik leesbare skrif.
- Afskrifte word in swart en wit gemaak – maak seker die kleure is eenvoudig vir leesbaarheid.
- Advertensies word op die vroegste 4 weke voor 'n geleentheid geplaas.
- Advertensies sal nie langer as 4 agtereenvolgende weke vertoon word nie.
- Stuur asb. alle advertensies na lidia@gkbenoni.co.za of 063 640 9304
- Stuur asb. teen **Donderdag 12:00** vir plasing die komende Sondag.

## RIGLYNE VIR KENNISGEWINGS:

- Stuur asb. alle kennisgewins se bewoording na lidia@gkbenoni.co.za of 063 640 9304
- Stuur asb. teen **Donderdag 12:00** vir plasing die komende Sondag.










🚗 Make Your Matric Farewell Extra Special with Our Vintage Car! 🚗

Looking for a unique and memorable ride for your matric farewell in the Benoni, Boksburg, or Kempton Park areas? Our stunning vintage car is the perfect choice for your big day!

Let us make your farewell a ride to remember!
For more details, pricing and to book, please contact us!